
# 30 Blydskap gryp drie konings aan




Kyk, hoe spoed hul op die reis,
waar die ster die Kindjie wys;
kyk, hoe hul die knieë buig;
om Hom hulde te betuig,
laat ons ook met hande skoon
soek na u genadetroon!

En soos hul met hart en hand
offers uit die verre land,
voor die krippie het gesprei,
so met harte toegewy,
bring ons ook in hierdie dae
skatte, Heer, wat U behae.

Waar, met hemelse gejuig,
ons voor U, o Koning, buig;
U ons lig, ons vree, ons kroon,
dankbaar kniel ons voor u troon;
daar sing ons vir ewig, Heer,
halleluja’s tot u eer!

William C. Dix (1837-98) C. Kocher (1786-1872)